SABU NEWS / NUUS – November 2010

Inside this issue:

- Message from the Chairman
- Kersboodskap van die President
- SABU fees for 2011
- Opname tov. Ontwikkeling
- Strategiese beplanning (Inleiding)
- Strategic Planning (English version)
- 2011 Veterans team announcement
- Strategiese beplanning (Afrikaans)
  Aanhangsel A

SA Bisley Union
PO Box 75910, Lynwood Ridge, 0040

The Hillside Street,
Building 318, The Hillside, 2nd Floor,
Lynwood 0081

Tel: 012 3614966 **Fax: 012 3486315**
Faxmail: 0866083464

E-mail: sanra@sanra.org.za
Website: www.sabisley.com

==========

1. *Message from the SABU Chairman / Boodskap van die SABU Voorsitter*

As I sit down to write this message Christmas is only just around the corner and I am reflecting on the past year and on the challenges that we will face together in 2011.
2010 has been a good year for SABU. There are so many unsung heroes in SABU, people who work tirelessly for the benefit of others and our sport. I would like to thank everyone for their hard work.
As I reflect on my time as Chairman, the highlight for me this year was to see how our members enjoy their sport and the camaraderie amongst each other.
Ander hoogtepunte was beslis nog ‘n suksesvol en lekker SA Ope Kampioenskap asook internasionale mededinging, plaaslik en oorsee. Finansieël gaan dit goed met ons maar die uitdagings raak al hoe meer en groter. In die nuusbrief is daar ‘n dokument wat handel oor die Strategiese Beplanning soos voorgestel deur die Uitvoerende Komitee en goedgekeur deur die Raad, juis om die uitdagings van 2011 en daarna te kan trotseer. Ek vra net 5 minute van elkeen se tyd , en gun jouself ook die tyd, om die dokument deur te lees en saam met ons die pad vorentoe aan te pak.
As we move into 2011 I can see growing pressure on us for the survival of our sport. We are ahead at this stage, but need to do much more to stay ahead.
2011 is vol hoogtepunte, ‘n mens dink dadelik aan die Juniors se toer na Engeland, die SA 0/25 en SA Veterane spanne wat in Australië gaan deelneem aan die Wêreld Kampioenskappe en dan is daar die Palma natuurlik. Ek weet almal gaan goed doen, en namens SABU wens ons hulle net alle sterkte toe.
Dit is baie belangrik om te onthou dat saam met die blydskap van Kersfees, kan dit ook ‘n tyd van hartseer vir baie ander mense en families wees. Kom ons dink ook aan hulle wat dalk alleen is of net ‘n behoefte het vir vriendskap en ondersteuning.
I wish you and you families a Merry Christmas and a bright and promising New Year and I look forward to coming back in the New Year to face 2011 with you!

Kersfees Groete
Bernand.

==========

2. *Kersboodskap van die SABU President*

Nog ‘n jaar met sy lief en leed, neig einde se kant toe.

Kom ons vergeet van al die leed, teleurstellings en hartseer wat elkeen van ons ondervind het en konsentreer op die mooi en goeie van die afgelope jaar. Laat ons in dankbaarheid dink aan die grootste geskenk wat ons as mensdom ontvang het, naamlik die KERSBOODSKAP!

‘n Geseënde KERSFEES en ‘n voorspoedige NUWE JAAR!

Christoph en Ami Schulenburg.

==========

3. SABU fees for 2011

Herewith a summary of the fees for 2010.

1	**Annual Member / Jaarlikse Lid**	**R**	**400.00**
2	**Affiliated Member / Geaffileerde Lid**	**R**	**400.00**
3	**Veterans over 70 / Veterane Bo 70**	**R**	**100.00**
4	**Junior (Under 19 – Onder 19)**	**R**	**200.00**
5	**Bona Fifde Student Under 25**	**R**	**200.00**
6	**Life member Levy / Lewenslange Lede**	**R**	**200.00**
7	**Life member over 70 / Lewenslange Lede Bo 70**	**R**	**100.00**
8	**Late payment fee** (If paying after 28/02/2011)	**R**	**50.00**

All Provinces have been issued with the 2011 SABU membership cards.
According to a decision taken at a previous Council meeting, the **renewal of membership will be handled by the Provincial secretaries and not the SABU office.**
If any of your contact details have changed during the last year, a form with the latest details must accompany your payment.
Members must obtain this form from the Provincial secretary, or from this newsletter.
These forms must be filled in and signed by the member and handed to the Provincial secretary, together with the annual fees applicable.
The Provincial secretary will issue the member with a new 2011 SABU membership card.

For new members there is a separate form to be completed.

Please note the deadline for SABU membership renewal with your Provinces has moved forward to 31 January 2011.

The Provincial secretaries must pay the SABU membership fees into the SABU account as soon as possible, but not later than 28 February 2011.

A R 50.00 fee for late payment will be applicable.

==========

4. Ontwikkelingsopname

In ‘n poging om nuwe skuts en lede vir ontwikkeling te identifiseer, word alle lede gevra om aan ‘n kort opname deel te neem.

Daar is slegs vier vrae wat vir die Ontwikkelingskomitee 'n goeie idee sal gee waar om aandag aan die werwing van skuts te gee. Vul die vorm asseblief so gou as moontlik in. **Dit is in ons almal se belang.**

Die vorms kan gestuur of persoonlik gegee word aan:

Fritz Naumann Posbus 11212, Aerorand, Middelburg, 1070, E-Pos: naumann.fritz@lantic.net
Schalk Cullinan Posbus 1416, Middelburg, 1050, E-pos: elbie1@telkomsa.net
Deon Burger Posbus 52090, Wierdapark, 0149, E-Pos: deonfam@iafrica.com

SABU Ontwikkeling opname.

In 'n poging om toekomstige en potensiële nuwe en junior skuts te identifiseer onder SABU geledere, hul families en vriende, word u vriendelik versoek om die volgende vier vrae te beantwoord.

1. Het u kinders, jonger as 18 jr, wat tans nie Bisley skiet nie? JA / NEE

   Indien JA, verskaf asb die volgende inligting:

	Naam	Geb. datum/Ouderdom	Woonagtig te:	Kontak besonderhede
1				
2				
3				

2. Het u familielede (nefies, niggies, ens.) tussen die ouderdomme van 12 tot 18 jr, wat tans nie Bisley skiet nie? JA / NEE

   Indien JA, verskaf asb die volgende inligting:

	Naam	Geb. datum/Ouderdom	Woonagtig te:	Kontak besonderhede
1				
2				
3				

3. Is u bewus van enige vriende/kennisse en hul kinders, ongeag van ouderdom, wat sou belangstel in Bisley, maar tans nie skiet nie? JA / NEE

   Indien JA, verskaf asb die volgende inligting:

	Naam	Geb. datum/Ouderdom	Woonagtig te:	Kontak besonderhede
1				
2				
3				

4. Is u bereid om te help met ontwikkeling in u klub/provinsie? JA / NEE

   Indien JA, verskaf asb u inligting:

Naam	SABU Nr	Klub/Provinsie	Kontak besonderhede

Baie dankie vir u tyd en samewerking.
SABU Ontwikkelingskommitee.

==========

5. STRATEGIESE BEPLANNING DEUR SABU UITVOERENDE KOMITEE (UK) SOOS AANVAAR DEUR DIE SABU RAAD

Die SABU Raad het in Augustus bg beplanning deur die UK bespreek en onder andere soos volg kennis geneem van en goedgekeur:

- Hoe lyk die 'mark' vir ons sport in Suid-Afrika?
- Meerjarige finansiële beplanning ('vet', 'maer' en 'tussenin' boekjare)
- Die voordele wat beduidende buitelandse deelname aan die SA Ope Kampioenskap vir ons sport en SABU finansies inhou – en stappe om dit uit te bou
- Individuele inskrywingsgelde vir die SA's so laag moontlik hou – verhoog slegs met 5% vir 2011
- Groot verliese tov die SABU dienste wat deur ledegelde befonds moet word – volle ledegeld verhoog vir 2011 na R400 om dié probleem net deels te verlig
- Poging om Louis le Grange Skietfees te behou deur dit in 2011 saam met Griekwaland-Wes Ope te Kathu aan te bied
- Handhawing van SABU se Suid-Afrikaanse ledetal
- Dienslewering deur SABU
- Oorlewing van provinsies

Vir 'n meer volledige uiteensetting van al hierdie belangrike inligting, lees asb die verslag by Aanhangsel A.

==========

6. STRATEGIC PLANNING BY SABU EXECUTIVE COMMITTEE (EXCO), AS APPROVED BY THE SABU COUNCIL

English summary – see Appendix A in Afrikaans for more detail:

The SABU Executive Committee (Exco) has initiated periodic strategic planning and its first report was debated by Council in August. A straightforward process is followed and the first report focused on the 'big issues' for the next ±10 years.

Whereas shooting sports were once regarded as nearly essential (e.g. for national defence) and enjoyed official support, they are now 'luxury' and price-sensitive 'products'. Most of the costs involved are beyond SABU's control, but we will try to contain that which we do control.

SABU's services consist of three main areas: national governance and administration; Louis le Grange Shooting Festival; and the SA Open Championships. It has to cope with largely 'fixed' costs, e.g. national office, range preparation etc, as well as 'variable' costs directly influenced by the number of competitors, e.g. number of target markers. Smaller numbers = higher costs *per capita.*

Financially we face a pattern of 'fat', 'in-between' and 'lean' years. They link almost directly to the number of foreign competitors and teams in the annual SA Open Championships. Our financial challenge is to further enhance our international – and domestic - appeal, thereby adopting a multi-year approach to our finances and not overreacting to a single 'lean' year, but still achieving a nett surplus over 4 to 5 year cycles. ***From a shooting sport perspective, Council believes that the international competition we achieve at the SAs holds tremendous benefits for our members, such as official international matches and thus attainment of national and other colours.***

An exciting programme of international participation lies ahead at the SAs from especially 2012 onwards. The Chairman has also been authorised to 'bid' at ICFRA for the 2017 F Class and 2019 TR Long Range world championships.

In view of all this, the individual entry fees for the 2011 SA Open Championships are increased by only 5% (± inflation). SABU will try to absorb costs escalating above this level in other ways.

Unfortunately, we are suffering significant losses in our other two main areas of work. Whilst some cross-subsidisation from the SAs' profits is Council policy, we cannot 'load' SAs' entry fees excessively. The SABU Council has thus decided as follows:

- The Louis le Grange Shooting Festival will, as a trial run, be combined with the Griquas Open Championships in 2011, thereby saving most of its 'fixed' cost element. Let's all try to make this successful - the alternative is to abandon the 'Louis'.
- Full individual membership fees are increased to R400 for 2011 (the usual discounts for some categories will apply). [**NB: Membership fees must be renewed, via the provinces, as well as provincial and club affiliation fees paid, with SABU by end February 2011.**]

To at least retain the current SABU membership should be a minimum objective for all of us within SABU, but one will always lose some current members e.g. through old age, thus a ***nett inflow of new members to replace losses is critical***. This does not only mean juniors, ladies etc.

SABU will strive to maintain and improve its services to members on an ongoing basis, but members should also appreciate what is already being done and when 'the extra mile is often walked'. Recent examples include the long struggle concerning TUEs for beta-blockers, and intervening about the unacceptable quality of PMP lot 136 bullets.

Council is concerned about the deteriorating situation of some provinces. A proper provincial structure is critical for our success and official recognition, thus all concerned are called upon to cooperate and work hard to improve our provincial viability.

In summary, we have much to be thankful and positive about, if we utilise our opportunities and strengths, whilst addressing any weaknesses.

==========

7. 2011 SA Veterans Team Announcement

Herewith the selected SA Veterans Bisley team who will be participating in the 2011 Veterans World Championships.
Hiermee die verkose SA Veterane Bisley span wat aan die 2011 Veterane Wereldkampioenskappe gaan deelneem.

Captain / Kaptein: EA Venter **Team manager / Spanbestuurder:** JJ Erasmus

Shooters / Skuts:

SP Berkemeyer	WA Botha	GJP Burger	JAP du Toit
JJ Erasmus	TI Fouché	JH Grobler	R Janse van Rensburg
HC Jacobs	BS Joubert	AN Lesch	HG Marx
CE Schulenburg	PBM Smith	ID Terblanche	TRH Valentine
JH van der Merwe	EA Venter	J Wolmarans	

BJ Pieters (also in Palma team / ook in Palma span)
AP van Niekerk (also in Palma team / ook in Palma span)

Congratulations to all the Team members who have been selected.
Baie geluk aan al die Spanlede wat verkies is.

==========

8. STRATEGIESE BEPLANNING DEUR SABU UITVOERENDE KOMITEE (UK) SOOS AANVAAR DEUR DIE SABU RAAD

A. INLEIDING

Die UK het besluit om periodiek strategiese beplanning te onderneem. Nie die langdradige tipe proses soos mens dikwels elders teëkom met visies, missies, baie doelstellings ens nie - ons wil dit prakties en taamlik kort hou, deur te fokus op die mees belangrike kwessies. Die stel van haalbare doelwitte en goeie dienslewering is dwarsliggende fokusareas. *In die eerste sessie is veral gekyk na die 'groot prentjie' vir SABU oor die volgende ±10 jaar.*

B. MARKONTLEDING

Ons het begin met 'n kort ekonomiese ontleding tov ons 'produkte' en die 'mark' daarvoor. Daar was dekades gelede 'n groot aanvraag na skietsporte en agv oorwegings soos self- en landsverdediging was dit dikwels as bykans noodsaaklike 'produkte' beskou. Lg asook noemenswaardige subsidiëring deur die staat, veral die weermag, het veroorsaak dat ons 'kliënte' ook nie juis pryssensitief was nie. Dit het alles sedertdien verander agv faktore goed aan ons bekend. Gevolgtrekking: die vraag na ons 'produk' het baie afgeneem en dit is nou 'n 'luukse' produk, maw ook baie pryssensitief.

SABU as nasionale beheerliggaam van bisley se dienste bestaan uit hoofsaaklik drie dele:

a. Nasionale bestuur en administrasie van die sport; lewering van algemene dienste bv sertifisering vir 'FCA' doeleindes. 'Kliënte': Meestal Suid-Afrikaners, maar ook buitelandse skakeling
b. Louis le Grange Skietfees. 'Kliënte': Net Suid-Afrikaners
c. SA Ope Kampioenskap. 'Kliënte': Suid-Afrikaners en buitelanders

Die 'prys' van bisleyskiet sluit natuurlik baie koste in wat buite ons beheer is, maar ons sal tov dit wat ons wel beheer bg markontleding sterk in ag neem. Verder het SABU intern breedweg twee tipes koste:

a. *'Vaste koste*': basiese koste wat aangegaan moet word om 'n diens te lewer of kompetisie aan te bied, ongeag van hoeveel lede of deelnemers daar is. Bv SABU kantoor, hou van raads- en UK-vergaderings, voorbereiding van skietbaan ens. Ons kan dit so goed moontlik probeer afbestuur, maar met min beweegruimte en uiteindelik moet dit verhaal word. Hoe minder lede/deelnemers, hoe hoër die koste per kop.
b. *'Veranderlike' koste*: verander ± direk met die getal lede/deelnemers, bv skyftrekkers, skywe, koeëlgatplakkies ens.
c. Die enigste van ons drie dienste wat tans 'n wins maak is die SA Ope Kampionskap.

C. PATROON VAN 'VET', 'MAER' EN TUSSENIN (BOEK)JARE

Die UK en Raad het na werklikhede, vorige boekjare se state en die 2010/11 begroting gekyk. Gevolgtrekkings: In sommige boekjare soos 2010/11 sal SABU 'n verlies ly of ten beste ± gelykbreek. Soms soos met SABU80 in 2008/9 kan ons 'n groterige wins maak. Daar kan ook boekjare met matige winste wees soos 2009/10. Ons sal dus 'n meerjarige benadering tot ons finansies volg en nie oorreageer op die 'maer jare' nie, MAAR dan moet ons hard werk om die 'vet jare' moontlik te maak.

Dit wat ons al lankal sê is weer bevestig: *die kritiese suksesfaktor wat hierdie patroon bepaal is die aantal buitelandse skuts wat die SA Ope bywoon* (terwyl ons natuurlik nie ons SA lede vergeet nie). Aansprake dat sekere veranderings baie meer binnelanders kan lok en sodoende ons finansiële situasie oplos is onrealisties. Die SA Ope se standaard is reeds hoog. Wanneer dit goed en aangenaam aangebied word is dit ook vir ons finansieel voordelig.

Die feit dat die SAs so 'n hoë internasionale aansien geniet, het ook vir ons eie lede ander voordele! Dit gee vir ons hier op tuisbodem gereelde internasionale kompetisie – met gepaardgaande kanse op nasionale en ander kleure weens amptelike toetse - en slyp ons vir deelname en prestasies oorsee bv by die wêreldkampioenskappe, 'CSF Championships' en Statebondspele. *Menige ander 'NRAs' sou wat wou gee om in ons posisie te wees!!*

Die volgende word dus genoem en is waar nodig in beginsel deur die Raad goedgekeur:

a. NRA van Brittanje het besluit dat 'n GB (senior) span ('TR') vanaf 2012 elke twee jaar tot minstens 2018 na ons sal toer.
b. **Baie van die spanne wat by die 2009 SABU80 was stel belang in 'n SABU80 'rëunie' in 2013**. Uitnodigings daarvoor is reeds uitgestuur.

c. GB U19 kom elke jaar, maar ***dit sal net gebeur solank as wat ons 'n SA Junior span het om teen hulle te skiet*** en die uitruilooreenkoms in stand hou.
d. Die RAF klub kom toer steeds elke tweede jaar.
e. Die SABU F Klas Klub is gevra om meer oorsese F klas deelnemers en spanne vir die SAs te probeer werf.
f. Ons Voorsitter, as SABU se ICFRA raadslid, is gemagtig om voor of teen die 2011 ICFRA raadsvergadering ns SABU te 'bie' vir (i) 2017 F Klas Wêreldkampioenskap; en (ii) 2019 'Palma'.

In die lig van die finansiële ontleding hierbo wil ons nie die SAs se 'prys' onnodiglik 'laai' en daardeur deelnemers afskrik nie. **Die Raad het dus besluit dat die SA Ope se individuele fooie vir 2011 net met 5%** (maw ± inflasiekoers) **verhoog word**. Sommige kostes styg meer, maar ons sal dit probeer bestuur. Byvoorbeeld: enkele 'ongewilde' genomineerde en totaalwedstryde en 'surplus' medaljes is verminder, maar die *werklike skietwedstryde bly dieselfde*. Spaninskrywings is aangepas om die 'veranderlike' kostes beter te probeer verhaal.

Ons doelwit is dat deur hierdie stappe die 'vet' en 'tussenin' jare die 'maer' jare sal uitkanselleer en na elke 4 tot 5 jaar ook nog 'n netto aanwas van SABU fondse sal verseker. As lg bereik word, kan ons hopelik meer behoeftes aanspreek soos bv steun aan toerspanne.

Ons ander twee 'produkte' is egter probleemareas. Die Raad het vantevore aanvaar dat ons algemene administrasie en in onlangse jare ook die Louis le Grange Skietfees ge-kruissubsidieer word deur die wins op die SA Ope. Uit die 2010/11 begroting is dit duidelik dat dit in die 'maer' jare *nie meer heeltemal haalbaar is nie* en selfs in die beter boekjare meer en meer van ons wins op die SAs sal insluk.

Die Raad het dus die volgende oorweeg en goedgekeur:

a. Louis le Grange Skietfees: Die groot kopseer is die 'vaste' koste om elke keer weer die Genl de Wet kompleks aan die gang te kry - en dit sal waarskynlik net erger word. Ons meen die **enigste manier om voort te gaan met die 'Louis' is om dit met die Griekwas Ope te Kathu te kombineer**. [Die *alternatief is om die Louis glad nie meer aan te bied nie*.] Dit sal vir 2011 as proeflopie gedoen word – kyk die SABU 2011 program asb. ***Ons besef die nuwe datums sal dalk nie almal pas nie, maar doen 'n beroep op lede om te help om hierdie nuwe plan suksesvol te maak en daardeur die historiese 'Louis' lewend te hou.***

b. Individuele SABU ledegeld: Hoewel kruissubsidiëring van ons algemene uitgawes steeds nodig sal wees, is dit onregverdig en selfs gevaarlik om van die deelnemers aan die SA Ope te verwag om dit oormatig te moet doen. **Die Raad het dus goedgekeur dat die ledegeld vir 2011 soos volg verhoog word:** die volle bedrag vanaf R350 **na R400**, met die gebruiklike afslag vir sekere kategorieë.

NB: Keerdatum vir betaling van 2011 SABU fooie: Die spertyd vir die inbetaling van individuele ledegelde (via die provinsies) - *asook provinsiale en klub- affiliasiegelde* - by SABU is einde Februarie 2011.

D. SABU LEDETAL (SUID-AFRIKANERS)

Die eerste prys sal natuurlik wees as ons ledetal kan uitbrei en *ons moenie dié ideaal vergeet nie*, maar ons kan nie meer groot uitbreidings verwag nie. Die Raad meen dus dat almal binne SABU se **minimumdoelwit moet wees om minstens ons huidige ledetal te handhaaf.**

Huidige ledetal is oor tyd natuurlik nie gelyk aan huidige lede nie! Ons sal altyd sommige huidige lede verloor weens omstandighede, ouderdom, siekte en selfs afsterwe. ***Dus moet ons deurlopend 'n netto aantal nuwe lede werf om minstens vir die afname van huidige lede te kompenseer***. Onthou asb: *'ontwikkeling' gaan oor **alle** nuwe lede, nie net juniors, dames en 'anderskleuriges' nie*. Die Ontwikkelingskomitee stuur binnekort 'n vraelys uit om 'n nuwe benadering tot ledewerwing te toets.

'n Groot element is beslis egter om ook na bestaande lede om te sien. Ons sal verder hierna kyk, maar **lede kan gerus onthou welke dienste ons reeds bied** - soos bv ons Voorsitter wat 'die ekstra myl loop' om SABU en sy lede se situasie by die 'CFR' so goed moontlik te beredder. Ander voorbeelde van onlangse en beplande optredes is die volgende:

a. Die kwessie van 'TUEs' vir betablokkers is lank en moeisaam mee gehandel en uiteindelik is sukses behaal – selfs al het dit ons amper R27 000 gekos.

b. Spesiale komitee wat kwessie van Lot 136 punte met PMP opgeneem het en suksesvolle oplossings word tans deur PMP beloof.
c. Waar nodig, aanpassing van reëls by ons omstandighede, bv Boodskap 6.
d. Opdateer van kleureregister ('ererol') tot 2010 bykans afgehandel.
e. Prysgelde sal vanaf 2011 SAs saam met medaljes by prysuitdeling oorhandig word.
f. Nuwe klem op Onder 25 inisiatiewe - behou jonger skuts.
g. **Provinsies en klubs moet asb ook onaktiewe lede kontak en hulle daarop wys dat SABU <u>nie</u> sal sertifiseer dat hulle nog aktief is as hulle nie lede is en/of nie op die regte wyse jaarliks hul 6 kredietpunte verwerf nie.** (Die gevaar is dus dat die SAPD mettertyd hul bisley-lisensies verbeurd kan verklaar.)

Ander sake soos bv die SABU webwerf kry verdere aandag.

E. PROVINSIES

Laaste, maar nie die minste! Die Raad, UK en baie lede is bekommerd oor die agteruitgang van sommige van ons provinsies. Ons standpunt is dat solank provinsies nog taamlik goed funksioneer hulle moet voortbestaan, hoe klein ook al. **Provinsiale besture moet asb hard daaraan werk om: u ledetalle sodanig op te bou en motiveer dat u weer spanne in eie naam kan inskryf; u provinsies goed te bestuur; u klubs te lei ens.**

Ons moet hier ook ***'buite die boks dink' en mekaar probeer help***. Provinsies kan bv die UK nader vir hulp met ontwikkelingsdae, grondwette hersien ens. Kyk ook na 'vennootskappe' met buurklubs en –provinsies. Mens sal dalk nie altyd kan help nie, maar vra is vry.

Die voortbestaan en effektiwiteit van ons provinsies en klubs is kritiek vir ons hele sport – en selfs vir ons erkenning by SASSF en SASCOC.

F. SAMEVATTING

Ons in SABU het werklik baie om voor dankbaar te wees en moet dalk meer gereeld ons uitdagings positief aanpak, liewer as om te veel te kla. Indien ons ons geleenthede en sterkpunte benut – en swakpunte aanspreek – sal daar steeds 'n mooi toekoms vir ons sport in Suid-Afrika en selfs internasionaal wees.

==========